## 19 Oktober 2023 - Lesing 157 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

In die begin was die Woord – 15/9/60

**NO: 7700** In die allereerste begin kon julle My Woord in julle hoor. Die ewige Liefde het julle toegespreek. My gedagtes het gestraal as krag van Liefde binne-in julle en het in julle weerklink as My Woord. Julle het My verstaan. Julle kon dink en het dus My woorde in julle as gedagtes oorweeg. Julle was daardeur op hoogte van My, en My verhouding tot julle, van My wil, en deur My Woord het julle geweet dat Ek My in oneindige Liefde tot julle gewend het om julle gelukkig te maak.

Julle het My herken deur die Woord wat van My uitgegaan het en vir julle weerklink het. En julle het nou ook geweet dat julle selfstandige wesens was wat uit My voortgekom het. En julle het My Liefde vurig en innig beantwoord. Ek het julle onophoudelik deurstraal met My Liefde. **Julle het gedagtes met My gewissel deur die Woord.** Julle vra, Ek het antwoord gegee. Ek het julle onderrig en het steeds meer geluksaligheid vir julle geskep, omdat julle insig gehad het en alles lig was in julle.

En hierdie geluksaligheid het My Woord berei vir julle. **Want My Woord was die verbinding tussen die Skepper en Sy skepsel**. Hulle kon My nie sien nie, **maar hulle kon My hoor** en daardeur was hulle ook op hoogte van My bestaan.

Hulle het hulself voortdurend laat deurstroom deur die **krag van My Liefde** en was daardeur onuitspreeklik gelukkig. **Maar My Woord het julle geluksaligheid verhoog**, want deur hulle herkenbare band met My, as hulle God en Skepper, het hierdie oorgrote geluksaligheid in hulle teweeggebring.

En ook My geluksaligheid het daarin bestaan dat Ek met die wesens wat deur My geskape was, kon spreek, dat Ek die diepste wyshede aan hulle kon oordra, **dat Ek hulle tot My ewebeelde kon vorm,** omdat ook dieselfde lig, dieselfde krag in hulle moes wees wat My gevul het en omdat Ek nou voortdurend My toespreking op hulle oorgedra het.

Dat hulle nou My Woord in hulleself kon verneem en dus 'n lewendige uitwisseling met My gehad het, en Ek het hulle ook beskerm en bewaar teen die afval van My, omdat Ek het hierdie wesens ook denkvermoë gegee het, om na eie goeddunke of vrye wil in enige rigting gebruik te maak van die geestelike leringe.

Maar ter wille van hulle geestelike vryheid moes dit moontlik wees, **want Ek wou kinders naas My hê, en geen skepsele wat slegs in een rigting kon dink nie**, wat as te ware masjiene sou wees, al was hulle in die hoogste volmaaktheid deur My geskape.

Maar My Woord het - omdat dit 'n uitstraling van My Liefde was - ook die wese in die korrekte denke, volgens My wil - laat bly. **Want My Woord was lig in alle volheid** en die wese het die helderste insig gehad solank hy My Woord in homself kon verneem.

Dat hulle hulself in vrye wil afgesluit het vir die toevoer van die krag van My Liefde, dat hulle toe nie meer in staat was om My Woord in hulle te verneem toe hulle die weg na die diepte ingeslaan het nie, **was die gevolg van hulle verkeerde denke onder die invloed van My huidige teenstander,** wat ook My Woord verneem het en onuitspreeklik salig was en tog sy denkvermoë verkeerd gebruik het en hy het homself teen My verhef.

En sodra die wese homself afgesluit het van My en van die uitstraling van My Liefde, **was hy ook nie meer in staat om My toespreking te verneem nie**. Hy kon nie meer die geluksaligheid geniet wat My Woord in hom teweeggebring het nie. Want hy het My Woord nie meer gehoor nie, omdat My Woord die uitdrukking van My Liefde is **en omdat die wese hierdie Liefde van My afgewys het.**

Maar My Woord, My toespreking, sal steeds die uitdrukking van My Liefde wees, wat die hart van 'n mens sal binnestroom, dat julle julleself vir My sal oopmaak en begeer om My te hoor.

En My Woord sal voortdurend weerklink in die oneindigheid. Want oral waar wesens is wat eens van My weggegaan het, sal My nimmereindigende Liefde, probeer om hulle te bestraal. En wie homself sal open, sal ook My toespreking verneem en geluksalig wees.

Want My Woord was in die begin en sal daar wees tot in alle ewigheid. En al vergaan hemel en aarde ook, My Woord **sal bly bestaan en vir alle wesens weerklink wat My wil hoor**, wat 'n innige verbinding met hul Vader het, **wie dus My kinders geword het**, soos dit My doel was met die skepping van al die wesens. Amein.